# DIE SKIETLOOD

217e Uitgawe 18 Augustus 2023

saam met Koersvas 217

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto

## DIE DORDTSE LEERREËLS

**Teks: Besluit**

In Die Skietlood 216 is die eerste deel van die gevolgtrekking bespreek.

(Tweede deel) En watter baie ander soortgelyke bewerings is daar nie wat die Gereformeerde Kerke nie alleen nie aanvaar nie, maar ook van ganser harte verfoei!

Daarom doen hierdie Sinode van Dordrecht in die Naam van die Here 'n beroep op almal wat die Naam van ons Verlosser Jesus Christus gelowig aanroep, om die geloof van die Gereformeerde Kerke nie te beoordeel op grond van hier en daar saamgeroepte lasteringe of op grond van persoonlike uitsprake van verskeie ouer of jonger leraars nie. Hierdie uitsprake word dikwels slegs met kwade bedoelings aangehaal of vermink en tot 'n verkeerde betekenis verdraai. Hulle moet eerder op grond van die openbare belydenisse van genoemde Gereformeerde Kerke oordeel en op grond van hierdie uiteensetting van die regsinnige leer wat met algemene instemming van almal saam en van elke lid van die hele Sinode afsonderlik vasgestel is.

Vervolgens vermaan die Sinode hierdie lasteraars ernstig dat hulle moet besef watter swaar oordeel van God hulle oor hulself bring as hulle teen soveel kerke en teen die belydenisse van soveel kerke valse getuienis gee, die gewetens van die swakkeres in beroering bring en naarstigtelik streef om by baie mense die gemeenskap van die ware gelowiges verdag te maak.

Ten slotte doen hierdie Sinode 'n beroep op alle mededienaars in die evangelie van Christus om hulle in die behandeling van hierdie leer in die skole en in die kerke vroom en gelowig te gedra. Hulle moet hierdie leer, sowel mondeling as skriftelik tot eer van die Naam van God, tot heiligmaking van die lewe en tot troos van die verslae harte uitlê. Hulle moet in ooreenstemming met die Skrif nie alleen na die reël van die geloof dink nie maar ook praat. Eindelik moet hulle hul weerhou van alle uitsprake wat die voorgeskrewe perke van die ware strekking van die Heilige Skrif oorskry. Sulke uitsprake kan aan die skaamtelose dwaalleraars 'n gegronde rede gee om die leer van die Gereformeerde Kerke sleg te maak of te belaster.

Mag die Seun van God, Jesus Christus, wat aan die regterhand van die Vader sit en aan die mense gawes gee, ons in die waarheid heilig. Mag Hy hulle wat dwaal, tot die waarheid lei en die lasteraars van die gesonde leer die mond snoer. Mag Hy die getroue dienaars van sy Woord die Gees van wysheid en onderskeiding gee sodat al hulle uitsprake tot eer van God en tot opbouing van hoorders mag strek. Amen.

Et quæ ejus generis sunt alia plurima, quæ Ecclesiæ Reformatæ non solum non agnoscunt, sed etiam toto pectore detestantur. Quare quotquot nomen Servatoris nostri Jesu Christi pie invocant, eos Synodus hæc Dordrechtana per nomen Domini obtestatur, ut de Ecclesiarum Reformatarum fide, non ex coacervatis hinc inde calumniis, vel etiam privatis nonnullorum, tum veterum tum recentium doctorum dictis, sæpe etiam aut mala fide citatis, aut corruptis, et in alienum sensum detortis, sed ex publicis ipsarum Ecclesiarum

Confessionibus, et ex hac orthodoxæ doctrinæ declaratione, unanimi omnium et singulorum totius Synodi membrorum consensu firmata, judicent. Calumniatores deinde ipsos serio monet, viderint quam grave Dei. judicium sint subituri, qui contra tot Ecclesias, contra tot Ecclesiarum Confessiones, falsum testimonium dicunt, conscientias infirmorum turbant, multisque vere fidelium societatem suspectam reddere satagunt.
Postremo hortatur hæc Synodus omnes in Evangelio Christi symmystas, ut in hujus doctrinæ pertractatione, in scholis atque in ecclesiis, pie et religiose versentur, earn tum lingua, tum calamo, ad Divini nominis gloriam, vitæ sanctitatem, et consternatorum animorum solatium accommodent, cum Scriptura secundum fidei analogiam non solum sentiant, sed etiam loquantur; a phrasibus denique iis omnibus abstineant, quæ præscriptos nobis gennini sanctarum Scripturarum sensus limites excedunt, et protervis sophistis justam ansam præbere possint doctrinam Ecclesiarum Reformatarum sugillandi, aut etiam calumniandi. Filius Dei Jesus Christus, qui ad dextram Patris sedens dat dona hominibus, sanctificet nos in veritate, eos qui errant adducat ad veritatem, calumniatoribus sanæ doctrinæ ora obstruat, et fidos verbi sui ministros spiritu sapientiæ et discretionis instruat, ut omnia ipsorum eloquia ad gloriam Dei, et ædificationem auditorum, cedant. Amen.Huic capiti eadem quæ prius subscribuntur nomina.

**Kommentaar**

Daar is baie meer bewerings gemaak as die wat genoem is, en die Gereformeerde kerke verfoei en verwerp hulle almal. Hierdie verwerping bevestig dat daar meer bewerings gemaak is. Nie al die bewerings word genoem nie, maar die Sinode verwerp alle lasterlike en foutiewe stellings en bewerings. Die Sinode wil met hierdie stelling verseker dat hulle die deur vir kansvatters toemaak. Net omdat sekere bewerings nie in die Dordtse leerreëls aangespreek is nie, beteken dit nie dat daardie bewerings anders as verwerp moet word nie. Dit is ook nie net 'n geval dat die bewerings nie aanvaar kan word nie, die bewerings word in sterk emosionele taal verwerp.

Die Sinode doen vervolgens 'n beroep op die gemeenskap om nie op grond van teenstanders se bewerings enige oordeel te fel nie. Daar is verskeie leraars oor die hele spektrum van ouderdom en ervaring wat bewerings van dwaling maak met verwysing na die besluite geneem te Dordrecht. Die motiewe van die leraars kan kwaadwilligheid wees of selfs onkunde, maar hulle bewerings is sonder substansie. Daar word willekeurig uitsprake buite konteks gekies en saamgevoeg om lasterlike bewerings te kan maak. Die Sinode se uitsprake word in die proses vermink en verdraai. Dit is nie heilsaam om na die kwaadwilliges te luister in die vorming van jou oordeel nie. Gelowiges word in vroomheid opgeroep om nie die geloof van die Sinode te oordeel op grond van daardie bewerings nie.
Enige persoon wat 'n mening wil vorm oor die Gereformeerde kerke moet na twee oorspronklike bronne gaan vir agtergrond inligting:
Die eerste is die openbare geloofsuitsprake wat die Gereformeerde kerke maak. Hierdie is die openbare uitsprake van die kerke self en hulle moet op grond van hulle eie woorde beoordeel word. Die aanhalings deur kwaadwilliges het al klaar die oorspronklike gedagte en geloofsoortuiging verdraai. Met ander woorde; luister na dit wat die Gereformeerde kerke in die openbaar bely, en laat hulle eie woorde jou oordeel bepaal.
Die tweede bron vir inligting alvorens 'n finale oordeel gevorm word, is die Dordtse leerreëls en die interpretasie van die Skrif wat in die dokument na vore kom. Die opstellers is oortuig dat die Dordtse leerreëls die regsinnige leer bevat. Hierdie leer is per konsensus geformuleer. Die vergadering gesamentlik, en elke lid

afsonderlik, het meegewerk aan die opstel van die dokument en is dit eens dat die inhoud die regsinnige leer is. Aan die hand van hierdie twee openbare sake moet die Gereformeerde kerke beoordeel word.
Die volgende deel van die slotwoord word direk gerig tot die lasteraars (diegene wat die Dordtse Sinode en die Gereformeerde kerke van dwaling beskuldig). Die lasteraars moet besef dat hulle nie met mense te make het nie, maar met God self. Enige persoon wat teen God en Sy leer in getuig, gaan onder die swaar oordeel van God val. Die swaar oordeel van God kom oor die lasteraars wanneer hulle met valse bewerings en met ongegronde verdagmaking soveel gemeentes en kerke valslik beskuldig van dwaling.
Daarmee saam is die lasteraars ook besig om die gewetens van mense wat swak is in die geloof, in vertwyfeling te bring. Die swakkes in geloof begin op grond van hulle laster te twyfel en sodanige optrede staan ook onder die oordeel van God.
Die lasteraars staan ook onder die oordeel van God omdat hulle die ware gelowiges in die breë gemeenskap verdag probeer maak met hulle valse bewerings.
Eers is die gemeenskap aangespreek, toe die lasteraars. Die fokus van die gevolgtrekking verskuif laastens na die reggeaarde Gereformeerde leraars toe. Leraars word daartoe opgeroep om die leer rakende die uitverkiesing korrek en gelowig te hanteer. Die leraars se gedrag moet gelowig en gehoorsaam wees. Die leerstuk moet in woord en skrif volgens die Skrif uitgelê word. Leraars se interpretasie moet onderhewig wees aan drie sake:
Bo alles moet die interpretasie tot God se eer wees.

Daarmee saam moet dit die hele gemeenskap ophef. Die interpretasie moet ook so geskied sodat dit mense met verslae harte kan troos. Die uitverkiesingsleer het met ander woorde drie sake aan sy kern: God se eer, die geloofsgemeenskap se opbou in toewyding aan God en die troos van twyfelende gelowiges. Dit is binne hierdie parameters wat enige hermeneutiek van die uitverkiesingsleer gedoen moet word.
In denke en woorde moet geloof bepalend wees in die handelinge van die leraars. Leraars moet teologies nooit iets stel wat nie in die Skrif gevind en gefundeer kan word nie. Dit sluit in enige saak wat daaruit afgelei kan word (voorgeskrewe perk en ware strekking. Hierdie oproep word gemaak om te verseker dat dwaalleraars geen geldige rede kan aanvoer vir hulle laster nie; moenie hulle goeie redes gee nie.
Die gevolgtrekking sluit af met 'n bede. Die Sinode bid dat die Here (wat aan mense elke versekering gee) self die kerk in die waarheid sal hou, self die waarheid van die Dordtse leerreëls sal bevestig as die ware interpretasie van die Bybel. Daarmee saam bid hulle dat die dwaalleraars aan die een kant tot bekering sal kom en die waarheid sal omhels, maar dat hulle in die tussentyd stilgemaak sal word sodat hulle nie verder met laster besig sal wees nie. Vir die regsinnige leraars bid die Sinode dat hulle wysheid en onderskeidingsvermoë sal ontvang sodat hulle met al hulle uitsprake God sal eer en dat hulle uitsprake die toehoorders sal opbou.
Dan volg die name van diegene wat hierdie leerreëls opgestel het en onderskryf.
Volgende keer beweeg ons na die derde van die Formuliere van eenheid.